
# 92 Ek glo vas in God die Vader




En ek glo in Jesus Christus, eengebore Seun van God,
deur Wie alles is geskape, Woord by God en Self ook God.
Ek vereer Hom soos die Vader, buig my dankbaar voor Hom neer,
wat my vrygekoop, verlos het - Hom erken ek as my Heer.

Van die Heilige Gees ontvange in die maagdelike skoot,
maak Hy onder mense woning, en Hy stel Hom in ons nood.
Onder Pontius Pilatus het Hy smart en pyn gely;
is gekruisig en begrawe -  Hy maak ons van sonde vry.

Op die derde dag het Hy weer uit die dode opgestaan,
deuur sy sterwe  en sy lewe dood en graf en hel verslaan.
Na die hoogste hemel het Hy tot die Vader opgevaar:
aan Gods regterhand in ere, voer Hy heerskappy vandaar.

Eenmaal sal Hy op die wolke, Hy, die Menseseun, wéér kom
om te oordeel oor die dooies en die lewendes alom,
elkeen na sy werk en wandel; so beslis Hy ook my lot,
maar dit troos my: Hy, my regter, het my skuld betaal by God.

Ek glo met my hele wese in die Heilig Gees as Heer,
wat sy Kerk met al sy lede troos en deur die Woord regeer.
Hy skenk my sy krag en leiding dat ek hier die goeie stryd
in sy Naam begin en eindig met geloofsblymoedigheid.

Ek bely 'n Kerk wat heilig, Christen is en algemeen,
in geloof en hoop en liefde en in heilsverwagting één,
ook die heil'ges se gemeenskap één van sin en één van hart;
delend in mekaar se vreugde, delend in mekaar se smart.

Ek glo aan die skuldvergewing deur die Heer see Midd'laarsbloed;
in my eie werk en waarde is geen rus vir my gemoed.
Dit is alles net genade dat ek nie verlore gaan;
ja, my Vader, ja, ek weet dit: U neem my in Christus aan.

Ek bely dat hierdie liggaam selfs tot stof en as vergaan,
op die laaste van die dae weer verheerlik op sal staan;
dan onsterflik, onverganklik, ken dit geen verderfenis;
dan is dit so skoon en heerlik soos my Heer se ligggaam is.

Ek verwag 'n ewige lewe my deur Jesus self berei  -
waar in ongekende vreugde ons vir altyd by Hom bly -
lewe sonder  smart of sterwe; vrede wat in volheid wag.
Doderyk, waar's jou oorwinning? Dood en sonde, waar jul mag?

Ewig-onbegryplik' wese, Vader, Seun en Heilig Gees,
Heer, leer my U ken al beter, u gehoorsaam kind te wees.
Ons  wil sing van aal u liefde; in u waarheid wil ons juig.
Amen! Blye evangelie! Amen, bly my hart getuig!

Jan Scharp (1756-1828)                    Duits (1688)/Herrnhut (na 1773)